

LAERSKOOL CHARLO COVID-19 BELEID

Geagte ouers

Die volgende vorm deel van Laerskool Charlo se COVID-19 beleid. Maak asseblief vir u 'n drukskrif van die dokument sodat u deeglik bewus kan wees van die inhoud. Die enigste manier hoe die skool die verspreiding van die virus by die skool kan voorkom, is as die ouers, leerders, onderwysers en werkers die volgende reëls deel van hul daaglikse leefwyse maak.

ALGEMENE REËLS

- Geen persoon (leerder of personeellid) wat in kontak was met 'n persoon wat positief getoets het vir COVID-19, in die voorafgaande 14 dae, sal op die skoolgronde toegelaat word nie.
- Geen ouers of persone behalwe die leerders, personeel en werkers mag die skoolgronde betree nie.
- Die hekkodes gaan verander word en sal geheim gehou word om te verseker dat geen persone die skoolgronde sonder toestemming betree nie. ONS VERSOEK OOK DAT GEEN OUERS OF LEERDERS VAN ONS SKOOLGRONDE GEBRUIK MAAK NA URE NIE. Die buite perseel van die skool moet daaglik na tweede pouse ontsmet word. Trappe en alle bankies moet ontsmet word. Dit is 'n reuse taak. Ons kan nie beheer wie die gronde betree na ure as die hekkodes nie 'n geheim is nie.
- Alle navrae moet asseblief telefonies of per epos gedoen word. Ouers sal slegs in die skoolgebou toegelaat word indien daar 'n noodgeval is.
- Alle persone wat die skoolgronde betree MOET 'n materiaalgesigmasker dra – geen uitsonderings sal toegelaat word nie.
- Alle persone wat die skoolgebou binnegaan (personeel en werkers) moet van die voordeur gebruik maak; hul hande sal ontsmet word en 'n temperatuurlesing sal geneem word met behulp van 'n infra-rooi termometer.

VOOR SKOOL

- Aanvanklik sal in die oggende en middae slegs van die hek naaste aan die motorhuise gebruik gemaak word.
- Die opsigter sal aan diens wees by die hek en elke leerder se hande sal ontsmet word wanneer hulle die skoolgronde betree.

GEDURENDE SKOOL

- Elke leerder moet in besit wees van ten minste twee materiaalgesigmaskers. Leerders mag nie twee dae na mekaar dieselfde masker dra nie. Indien die leerder twee maskers het wat dieselfde lyk moet dit duidelik gemerk wees sodat die

onderwyser kan sien dat dieselfde een nie gedra word nie. Maskers moet daaglik na skool gewas en gestryk word.

- 'n Materiaalgesigmasker moet vir die duur van die skooldag gedra word.
- Die skool sal aan die ouer die keuse gee om 'n plasiemasker te bestel vir hul kind; dit is opsioneel, maar die materiaalmasker is verpligtend.
- Elke leerder moet in besit wees van 'n botteltjie reiniger in hul skooltas (ouers moet die voorsien)
- Terwyl ons besig is met die infasering van grade sal ons van twee klaskamers per klasgroep gebruik maak om te verseker dat daar 1,5 m tussen leerders is. Banke sal so geskuif word dat die leerders 1,5 m van mekaar sit en slegs een leerder per bank. Die onderwysers van die grade wat nog nie terug is by die skool nie, sal betrek word by die onderrig van die ekstra klasse in daardie spesifieke grade.
- Elke leerder moet daaglik hul eie plastieksak skool toe bring om alles in te plaas wat hulle wil weggooi. Die sak moet in die middag huis toe geneem word en daar weggegooi word.
- Daar sal in elke klas 'n bottel 70% alkohol reiniger wees.
- Daar sal in elke klas handseep/ sunlight liquid wees vir die was van hande nadat die leerders die kleedkamers gebruik het. (geen emmers met water in die klas nie.)
- Daar sal 'n rol toiletpapier beskikbaar wees in die klas vir die leerders om hul banke te reinig (dit is goedkoper as papierhanddoeke)
- Elke klas sal 'n spuitbottel ontvang waarmee oppervlaktes ontsmet kan word.
- Deurknoppe en ligskakelaars in die klasse sal twee keer per dag deur die onderwyser gereinig word.
- Onderwysers sal seker maak dat leerders hul banke elke oggend ontsmet voor hulle begin.
- Werkers sal smiddae die banke ontsmet

SKOONMAKERS

- Alle werkers sal 3 maskers, plasiemasker, geel plasiemasker, reinigers vir teekamer en een klein botteltjie reiniger ontvang om by hulle te dra.
- Beskermende klere en reiniger sal ten alle tye deur die skoonmakers gedra word.
- Handskoene, dweils en alle skoonmaaklappe sal oornag geweek word in Sintol.
- Alle werkers se temperatuur sal gemonitor word wanneer hulle die skool binnegaan. Hul hande sal ook ontsmet word.

PROSEDURES

- Leerders moet asseblief soggens die korrekte afstand handhaaf. Soos wat meer grade terugkeer skool toe, sal elke graad 'n spesifieke tyd en hek kry waar hulle afgelaai moet word. Dit is om te verseker dat daar nie 'n opeenhoping van leerders by die hekke en speelgronde is nie.
- Elke graad sal op 'n ander tyd begin in die oggend. Dit sal die aantree van leerders makliker maak en sal ook opeenhoping van leerders voorkom.

- Elke graad sal op 'n ander tyd pouse hê. Dit sal verseker dat die kleedkamers beskikbaar is vir die was van hande voor en na pouses sonder dat daar 'n opeenhoping van leerders is.
- Alle leerders se temperatuur sal geneem word wanneer hulle die skoolgronde betree.
- Wanneer leerders 'n klas verlaat of ingaan sal hul hande met reiniger gespuit word. (Gr RR tot Graad 2 se leerders sal hul hande in die klas was aangesien hulle water en wasbakke in hul klasse het. Die res sal hul hande in die kleedkamers was. Werkers sal die kleedkamers se deurhandvatsels, toilethandvatsels, deurrame, krane, wasbakke en ligskakelaars voor en na pouses skoonmaak. Ons moedig die was van hande aan eerder as die gebruik van handreiniger. Dit is gesonder en goedkoper. Voor pouse, sal die kinders se hande gespuit word of hulle kan dit was voordat hulle hul kosblikke uithaal. Leer hulle asseblief om hul maskers af te haal van die agterkant. Moet nooit aan die masker self raak nie. Plaas dit gesig afwaarts op die oppervlak terwyl geëet word. Geen kos mag gedeel word nie. Wanneer die masker weer aangesit word, tel dit op aan die toutjies/ rek en sit aan.
- Na pouse moet hande weer gewas word.
- Geen matwerk word toegelaat tot waar COVID 19 onder beheer is nie. Maximum van 3 tot 4 leerders op die mat.
- Geen leerderbeweging tussen klasse nie. Onderwysers sal tussen klasse beweeg.
- Geen rekenaarklasse vir die res van die jaar nie. Om die sleutelborde skoon te maak sal 'n uitdaging wees asook om die korrekte afstand tussen leerders te handhaaf.
- Daar sal geen rye wees wanneer leerders die klasse verlaat of binnegaan nie.
- Klasonderwysers sal die beweging van leerders in die gange monitor. Slegs een klas op 'n tyd in die gange.
- Wanneer leerders van die trappe gebruik maak om na hul klasse te gaan te gaan, moet hulle in die middel van die trappe stap en nie aan die reëlings of mure raak nie.
- Werkers sal na elke pouse die reëlings skoonmaak.
- Alle handdoeke sal uit die badkamers verwyder word. Slegs papierhanddoeke sal gebruik word.
- Geen Media tot die einde van die jaar. Daar is te veel boeke wat ontsmet sal moet word.
- Musiekonderwysers sal leerders se hande voor en na elke les spuit. Instrumente sal skoongemaak word tussen elke les deur die musiekonderwyser. Perspeks afskortings sal tussen die onderwyser en musiekleerders geplaas word. Blaasinstrumente, insluitend Blokfluit sal nie by die skool onderrig word nie.
- Geen liggaamlike opvoeding vir die res van die jaar nie. Apparaat mag nie gebruik word nie en leerders mag nie aan die vloerspasie van 'n ander leerder raak nie.
- Alle binne deure moet ten alle tye oop wees. As die deure oop is hoef niemand daaraan te raak om dit oop te maak nie en dit help met die ventilasie van die vertrek.

ISOLASIELOKAAL

- Die studentekamer sal die isolasielokaal wees vir siek leerders en personeel. As ons vermoed dat 'n leerder of personeellid siek is sal hul na die isolasielokaal gestuur word en daar wag tot 'n ouer hul kan kom haal of ons 'n dokter kan kontak.
- Slegs een persoon mag in die isolasielokaal wees.
- Geen ander persoon mag in die lokaal ingaan nie, al word dit nie gebruik nie.
- Skoonmakers sal die lokaal ontsmet nadat dit gebruik is.

SNOEPWINKEL

- Die snoepwinkel sal gesluit wees. Dit sal te moeilik wees om te monitor. Die verkoop en aflewering van voedsel aan kinders sal problematies wees.

PROSEDURES INDIEN 'N ONDERWYSER VERMOED 'N LEERDER IS SIEK?

- Lig die skoolhoof in.
- Verskuif die leerder en al sy/ haar besittings na die isolasielokaal.
- Kontak die ouers.
- 'n Werker sal die leerder se bank ontsmet en die res van klas terwyl die res van die leerders buite sal wag.
- Lig die sektretaresse in. Daar sal verslag gehou word van die volgende inligting: tye wat die leerder in isolasie geplaas is, tyd wat die ouer gekontak is, tyd wat die leerder gehaal word en die datum en tyd wat die leerder terugkeer na die skool. 'n Afskrif van die doktersbrief om gehou te word. Geen leerder sal toegelaat word om terug te keer skool toe sonder 'n doktersbrief nie.
- Ouers moet onmiddellik mediese advies inwin.
- Terwyl daar gewag word op toetsresultate, mag die skool hul eie voorsorgmaatreëls tref – versoek die ouers om hul kinders tuis te hou (slegs leerlinge in die betrokke klas) en beperk die klasonderwyser se beweging tot sy/ haar eie klas.
- Indien die leerder positief toets vir COVID-19, sal die skoolbeheerraad en die res van die leerders in die klas se ouers ingelig word.
- Wanneer 'n geval van COVID-19 bevestig is, sal die Departement van Gesondheid oorneem en die skool sluit vir ontsmetting. Die skool sal hul leiding volg.
- Die onderwyser en al die leerders van die betrokke klas en almal wat in direkte kontak met die persoon was sal in self-isolasie gaan vir 14 dae.
- Lys van name moet na die Departement gestuur word – die Departement moet altyd die onderwyser kan bereik sodat hulle die persoon kan monitor.

LEER DIE LEERDERS

- Moenie aan mure/ deure en ligskakelaars raak nie,
- Moenie aan jou gesig raak nie.
- Hoes of nies in jou elmboog.
- Moenie aan jou masker raak nie. Haal dit van agter af.
- Om "Happy Birthday" te sing terwyl hul hul hande was. Maak die kraan toe terwyl jy jou hande was

NASORG

- Besonderhede moet nog met Skoolbeheerraad bespreek word.

Wanneer die skole heropen, sal ons uitvind wat is werkbaar en nie-werkbaar nie. Ons beleid sal aangepas word indien nodig om ons veiligheid te verbeter.

Hierdie is slegs die deel van die beleid wat van toepassing is op die ouers en kinders.

Die personeel van Laerskool Charlo sal hul bes doen om te probeer om ons kinders veilig te hou

A Daniell